# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

Beste Graad 12-leerder

In hierdie vak leer jy hoe Afrikaans gebruik word. Die klem val op die vaardighede luister en praat, lees en kyk asook skryf en aanbied. Jy gaan ook nuwe Afrikaanse woorde leer en leer hoe sinne in Afrikaans gevorm word.

## Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- ’n Goedgekeurde taalhandboek
- ’n Voorgeskrewe werk (kortverhale of poësie of ’n novelle of ‘n eenbedryf)
- Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- ’n Tweetalige woordeboek
- Leesstof (koerante, tydskrifte, ens.)

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is ’n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het.

## Leesbegrip en Opsomming

- Inhoud van die teks
- Woordbetekenis
- Leesstrategieë: soeklees, vluglees en herlees
- Hoofidees en tema

## Taal in konteks

### • Woordeskat en taalgebruik

- Figuurlike taal en retoriese middels
- Denotasie en konnotasie
- Voorvoegsels en agtervoegsels
- Idiomatiese uitdrukkings, idiome en spreekwoorde
- Homofone, homonieme, sinonieme en antonieme
- Een woord vir ’n omskrywing.
- Afkortings, verkortings en akronieme

### • Sinstrukture

- Lydende vorm en ontkennende vorm
- Direkte en Indirekte rede
- Woordorde
- Sinsoorte
- Verbindingswoorde
- Woordsoorte

### • Kritiese taalbewustheid

- Gevoelstaal, oorredende taal, partydigheid, manipulerende taal
- Hoe taal en beelde waardes en houdings reflekteer/ oordra /weergee en vorm
- Beelde en taal wat seksisties, partydig, ouderdomdiskriminerend is en stereotipes versterk
- Die impak en gebruik van lettertipes en lettergroottes
- Ontleding, interpretasie, evaluering en respons op die spotprent of strokiesprent
- Denotasie en konnotasie

## Letterkunde (kortverhale, novelle of drama)

Afhangende van die voorgeskrewe werk wat julle bestudeer, sal die fokus op die volgende val:

- Intrige, tema, boodskap, karakterisering en agtergrond
- Die kenmerke van kortverhale/die novelle / die drama
- Hoe die keuse en gebruik van woorde die boodskap / tema in gedigte ondersteun
- Hoe karakters, agtergrond en die gebruik van woorde die boodskap en tema ondersteun
- Beeldspraak en stylfigure

## Opstelle

- Verhalende opstel en die Beskrywende opstel
- **Langer Transaksionele Tekste:** Vriendskaplike brief / formele brief (versoek / klagte / aansoek / bedanking / gelukwensing / simpatie) kort verslag / resensie/ toespraak / dialoog
- **Korter Tekste:** Advertensie / dagboekinskrywings / plakkaat / uitnodigingskaartjie / instruksies / aanwysings / strooibiljet / Kort teksboodskap (SMS), naamlik: WhatsApp, Facebook Messenger, ens.

## Assessering

**Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:**

- 1 toetse (Letterkunde): **40 punte**
- 2 eksamens (of 1 eksamen + 1 toets)
- Halfjaareksamen: **120 punte**

**OF**

- Halfjaartoets **40 punte**
- Voorbereidend **200 punte**
- 1 Skryftaak (opstel): **40 punte**
- **Totaal: 400 ÷ 4 / 320 ÷ 3.2** **100 punte**

Die **jaareindeksamen** bestaan uit 3 vraestelle:

- **Vraestel 1**: Begrip, Opsomming, Taal: **120 punte**
- **Vraestel 2**: Letterkunde: **40 punte**
- **Vraestel 3:** Skryf (Opstelle, Lang en Kort transaksionele tekste): **80 punte**
- **Vraestel 4:** Mondeling **100 punte**
- **Totaal punte** **300 punte**

## Wenke vir sukses

- Lees gereeld berigte, artikels, resensies, spotprente en rubrieke in Afrikaanse koerante en tydskrifte.
- Lees elke dag ten minste 500 woorde en skryf ten minste 250 woorde in Afrikaans.

**DBO Selfstudiegids: Kritiese Taalbewustheid**

https://wcedeportal.co.za/eresource/172656